

## **KEURINGS WERKSOPDRAG**

### **Geagte Voornemende Vlak 3 Tegniese Beampte kursusganger,**

Indien u belangstel om die volgende Vlak 3 kursus by te woon, word van u verwag om die volgende probleem situasies op te los en saam met u nominasie vorm in te stuur.

#### **Die format waarop u die problem situasies moet beantwoord is as volg:**

- Watter reël is van toepassing.
- Trek 'n "Mind Map" van die reël op om die situasie te verduidelik.
- Verduidelik wat is jou besluit as skeidsregter.
- Hoekom neem jy die spesifieke besluit?
- Watter aksies moet geneem word (indien nodig) ?

#### **Probleem situasies.**

1. 'n Speler dryf en sy bal tref die witte wat in die lig opskiet. Die bal wat hy afgelewer het spoed vorentoe en gaan oor die grense van die speelperk, wanneer die witte afkom en bo-op die bal val en terugspring op die perk en daar tot rus kom in 'n lewendige posisie. Jy as skeidsregter word geroep om 'n beslissing te lewer..

**Wat is jou besluit en hoekom?**

2. Die Skipper van die span speel met gewig en stoot een van sy raakballe na die sloot, maar die bal wat hy afgelewer het, 'n nie-raakbal, land eerste in die sloot en die raakbal kom tot rus op die perk maar rus ook op die nie-raakbal in die sloot. Die derde van sy span redeneer dat jy nie die nie raakbal kan verwyder nie, siende dat die raakbal daarop rus. Die opponent stem nie saam nie en hulle roep jou vir 'n besluit.

**Wat is jou besluit en hoekom en wat gaan jy doen?**

3. Aan die einde van 'n skof in 'n enkelspel, word die mat opgetel en op die bank geplaas deur Speler B. En die spelers stap na die kop. 'n Toeskouer vestig hulle aandag daarop dat daar nog 'n bal op die bank lê wat nie gepeel is nie. Speler B stap terug, plaas die mat en speel die laaste bal en trek die skoot.

Speler A (wat die skoot gelê het ) appeleer teen die geldigheid van die skoot en roep jou as skeidsregter om 'n beslissing te lewer.

**Wat is jou besluit en hoekom?**

4. Jy as skeidsregter word geroep om die skoot te bepaal tussen twee balle. Een bal in die sloot en een bal op die perk. Tydens die meet proses meen van die spelers toe dat die bal in die sloot nie 'n raakbal is nie. Na ondersoek vind jy dat daar geen merke op die bal is wat dit aandui as 'n raakbal nie.

**Wat is jou besluit en hoekom?**

5. Gedurende die spel lewer die derde van Span A 'n bal af. Die derde van Span B steek sy hand op en skree "verkeerde volgorde." Die Skipper van Span A stop die bal en tel hom op. Skipper A beweer dat hy verstaan het dat die derde van Span B wou hê dat hy die bal moet stop en terug gooi sodat dit oor gespeel moet word in die regte volgorde. Sy opponent sê sy speler het nie gesê stop die bal nie, en dat die bal dood is. Hulle roep jou vir 'n beslissing.  
**Wat is jou besluit en hoekom en wat gaan jy doen?**

6. Gedurende die spel was die mat ver op geneem en die afstand na die witte was net oor 23meter. Nadat Skipper A sy laaste bal gepeel het, tel hy die mat op en stap na die agterste bank.  
Maar die bal wat hy afgelewer het tref die witte , wat 'n ander bal tref en terugspring in die rigting waar die mat was. Die opponent vra onmiddelik vir 'n meet en beweer die witte is nou kort.  
**Wat is jou besluit en hoekom?**